



Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124

STRAND

Tel: 021-8548592

E-pos:

adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2026-03-20

Liewe Ouers

Ons kan nie glo die eerste kwartaal het verbygevlieg nie! Dit was 'n wonderlike kwartaal met kleuters wat pragtig aangepas het en ouers wat ons mildelik ondersteun het! Klein Lochieland is in alle opsigte geseën!

GHOLFDAG

Baie dankie vir almal se vrygewigheid en positiewe gesindheid met ons suksesvolle dag! Dit kan nêr toegeskryf word aan die personeel, ouerkomitee en ouers van Klein Lochieland wat saamgewerk het as 'n span! Baie dankie vir elke bydrae wat gemaak is, elke speler en borg, asook die hoofborg, RAWSON. Ons kon ook heelwat pragtige geskenkpakke maak met die skenkings van die ouers in die klasformaat.

Die fondse sal aangewend word vir die verbetering van die terrein (die grasperk), asook die oordoen van die Hasieklas badkamer. Ons is opgewonde vir al die verbeteringe!

KLAS- EN INDIVIDUELE FOTO'S

Alle bestellings en koeverte met gelde moet teen Vrydag 10 April inbetaal wees, asb.

OUMA en OUPADAG

Baie dankie aan al die oumas en oupas wat die oggend saam met ons kom geniet het. Albei dae was heerlik vir oud en jonk! Die betrokkenheid van ons ouers en grootouers is 'n riem onder die hart!

GRAAD R-SPORT

Die graad R-sport is klaar vir die eerste kwartaal. Die tweede kwartaal sport (netbal, rugby en hokkie) begin volgende kwartaal.

GRAAD R-INLIGTING:

Ons tema vir volgende week is: **DIE SEE**

Ons persepsies is:	Vorm:	Ruit
	Kleur:	Goud en silwer
	Getal:	Hersien 1, 2 en 3
	Klank:	Hersien o, a, d, g en j

Maandag	23 Maart:	Ek maak 'n prent van 'n krap in die see
---------	-----------	---

Dinsdag	24 Maart:	Borrelblaas 'n see-werkie
---------	-----------	---------------------------

Woensdag	25 Maart:	<i>Pak asb. 'n ruitvormige (diamant) broodjie in vir skool</i>
----------	-----------	---

Donderdag	26 Maart:	Ek teken myself op die strand
-----------	-----------	-------------------------------

Vrydag	27 Maart:	<i>Skool sluit om 10:00. Rapporte kan vanaf 07:00 by die hek afgehaal word</i>
--------	-----------	---

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir volgende week is: **PAASFEES**

Ons persepsies is:

Kleur:

Swart

Vorm:

Hersien al die vorms

Getal:

5

Klank:

j-klankie

Maandag 23 Maart: Ons maak 'n Paashaas

Dinsdag 24 Maart: Ons verf Jesus se kruis

Woensdag 25 Maart: Ons versier paaseiers

Donderdag 26 Maart: Die "Paashaas" kom kuier: Paaseier-soektog

Vrydag 27 Maart: ***Skool sluit om 10:00. Rapporte kan vanaf 07:00 by die hek afgehaal word***

Geniet u week!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel